# Liturgiese Riglyne

**SONDAGOGGEND 09:00**

## Geloofsdissipline van die nuwe mens in Christus (1): Tyd om die Here te ken

**Skriflesing:**
Eksodus 33:11-17
Joh 17:1-2
Matteus 25:1-13
(1983)

**Teksvers**:
Eksodus 33:12,13,17

**Sing**:
Ps 34:1,4,6
Ps 1:1,2
Ps 43:3,4
PS 131:1,2,3
Ps 27:1,6
Sb 13-3

**Prediker**: Ds Maarten van Helden

In die laaste kwartaal van hierdie jaar, onder die hooftema - Die Nuwe Mens - gee ons nou aandag daaraan hoe ons godsdienstige lewe moet wees vir gesonde groei en geloofsvolharding.

Vandag dink ons na oor die belang van stil-wees of stil-raak om die teenwoordigheid van die Here te soek.

In die dolle gejaag van die alledaagse lewe het ons dikwels nie tyd vir stil-sit of stil-raak nie. Dalk kort ons ook hier so bietjie vernuwing of bekering.

**SONDAGAAND 18:00**

## Heilig, Heilig, Heilig is die Here

**Skriflesing:**
Openbaring 4:1-11
(2020)

**Teksvers**:
Openbaring 4:8

**Sing**:
Ps 33:2,3
Ps 98:1,2
Ps 20:1,2,4
Sb 5-3:1,2,5
Sb 13-3

**Prediker**: Ds Lourens Venter

Slegs twee maal in die Skrif vind ons 'n drie-dubbele herhaling van dieselfde woord as lofsang. Dit is die engele wat God se lof besing in die visioen van die profeet Jesaja, sowel as hier in Openbaring rondom die troon van God in die visioen van Johannes.

Ons staan vanaand stil by die lofsang en die betekenis van hoe ons as heiliges 'n nuwe lied kan sing: *heilig, heilig, heilig is die Here.*




# KOMMUNIKAATJIE
**Gereformeerde Kerk Centurion**

**Jaargang 49 Nr 32 6 Okt 2024**


# Kerklose Christene

Ek sal nooit Joel Beeke se woorde vergeet wat hy in 2004 by 'n predikante konferensie gesê het nie. Hy het uit Handelinge 20:28 gepreek. Sy presiese woorde was: '*The Church was worth His blood, is it not worth your time*?' Wanneer God mense red, plaas Hy hulle in 'n *liggaam* en nie in 'n hoek nie. Die Skrif sê: "*Die wat toe sy woord met blydskap aangeneem het, is gedoop; en daar is op dié dag omtrent drie duisend siele toegebring… En die Here het daagliks by die gemeente gevoeg die wat gered is.*" (Handelinge 2:41, 47). En weer: "*Want ons is almal ook deur een Gees gedoop tot een liggaam*" (1 Korintiërs 12:13).

Iemand wat glad nie in ander gelowiges belangstel nie, is ongered. Johannes skryf: "*Ons weet dat ons oorgegaan het uit die dood in die lewe, omdat ons die broeders liefhet. Hy wat sy broeder nie liefhet nie, bly in die dood.*" (1 Johannes 3:14). Die feit dat jou naam op die lederol van 'n gemeente verskyn, beteken nie noodwendig dat dit in die Boek van die Lewe is nie. "*Die Here ken die wat syne is*" (2 Timoteus 2:19). Jy kan uiterlik deel wees van 'n kerk sonder dat jy innerlik deel is. Johannes skryf oor sulke mense en sê dat baie van hulle uiteindelik die kerk verlaat: "*Hulle het van ons uitgegaan, maar hulle was nie van ons nie; want as hulle van ons was, sou hulle by ons gebly het; maar dit moes aan die lig kom dat hulle nie almal van ons is nie.*" (1 Johannes 2:19). Let asseblief op dat daar volgens Johannes net twee kategorieë is. Iemand wat nie binne die kerk is nie, is buite; iemand wat nie deel van Christus se liggaam is nie, is in die wêreld en ongered. Moet asseblief nie dink jy kan 'n ware gelowige wees en geen belang hê by die kerk nie. As dit so is, beteken dit dat Jesus 'n Hoof is sonder 'n liggaam.

Ek kan hoor hoe sommige van my lesers sê: '*Daar bestaan in die Bybel nie iets soos lidmaatskap nie*.' '*I beg to differ*.' Feitlik elke brief in die Nuwe Testament is aan gemeentes of hulle leraars geskryf. Selfs 'n brief aan 'n individu soos Filemon sê: "*aan die gemeente wat in jou huis is*" (Filemon 2). Dit is ook duidelik dat die vroeë Christene geweet het wie deel was van die gemeente en wie nie. Volgens Handelinge 1:15 was daar eers 120 mense. In 2:41 het daar omtrent 3000 bygekom, en in 4:4 het die getal van die mans alleen tot omtrent 5000 gegroei. Volgens Romeine 16:1 was Febe deel van die gemeente in Kenchreë (Korinte se hawestad). Mense wat sê lidmaatskap is nie Bybels nie, praat onsin.

Vervolg bl 6...

## *ALGEMENE INLIGTING*

### *EREDIENSTYE*

Afrikaanse Oggenddiens: 09:00
Engelse Diens: 11:00
Afrikaanse Aanddiens: 18:00

Ds Maarten van Helden: 072 143 1855
Ds Lourens Venter: 082 529 2330

Gereformeerde Kerk Centurion — Groei na Christus
**Die nuwe lewe in Christus!**

Telefoon: **012 664 2614**
*Kantoorure:* ***Ma-Do*** *08:15 - 13:00*
Epos: Kerkkantoor—**kerkkantoor@gkcenturion.co.za**

Basdenlaan 226
Lyttelton

***Inhandiging van Kommunikaatjie-berigte sluit Woensdae om 12:00***

- - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - -

**NUWE INTREKKERS**: Nuwe intrekkers word gevra om na die erediens voor by die klavier aan te meld.

**VIDEO UITSENDINGS**: Volg skakel op gemeente se webblad **gkcenturion.co.za** of ons internetskakel **stroom.gkcenturion.co.za**

**EREDIENSTE OP INTERNET**: http://kerkdienstgemist.nl/assets/516 (direk of opname).

**LUISTER NA EREDIENSTE OP SLIMFOON**: TOEP: **Kerkdienst Gemist.**

**BIBLOS BYBELVERSPREIDINGSPROJEK**: Esmé 083 381 6428/esmel.prins@gmail.com.

**KATKISASIE**: Vandag: Hersiening, Les 21, Ps 107:1 Volgende week: Les 22, Ps 107:1

**KLEUTERKLAS**: (2-5jr): Ouers neem asb u kleuters ná die Skriflesing na die kleuterklas kamer 8.
Vandag: Lazarus, Ps 33 Volgende week: Die blinde man, Ps 33

### KOLLEKTES

| | | |
|---|---|---|
| Vandag: **Barmhartigheid** (tydens erediens ) | Vandag: **Thusofonds** (by die deure) | **Instandhoudingsfonds** |
| Volgende week: **Barmhartigheid** | Volgende week: **Teol studentekas** | |

**Kerk se bankbesonderhede:**
Rek Naam: Gereformeerde Kerk Centurion
Bank: ABSA Lyttelton
Takkode: 632005
Rek no: 600 340 409

**Inbetalings vir die Diakonie:**
Rek Naam: Diakonie Gereformeerde Kerk Centurion
Bank: ABSA Lyttelton
Takkode: 632005
Rek no: 600 280 589

**Inbetalings vir die Susters:**
Rek Naam: Gereformeerde Kerk Centurion Susters
Bank: ABSA Lyttelton
Takkode: 632005
Rek no: 600 340 417

**Maandelikse bydraes dmv EFT**—Verwysing: Voorletters (almal) en Van sowel as Wyk nr stuur bevestigende epos aan admin@gkcenturion.co.za



Liewe leser, jy moet asseblief besef dat lidmaatskap nie 'n blote formaliteit is nie. God verwag toewyding. In die eerste gemeente het die gelowiges hulleself aan goeie prediking, geestelike gemeenskap, die nagmaal en gesamentlike gebed gewy (Handelinge 2:42). Ek verstaan nie hoe mense *sonder* gemeenskap deur e-kerk of preke op die radio wil groei nie. Die Skrif sê dan: "*en laat ons op mekaar ag gee om tot liefde en goeie werke aan te spoor; en laat ons ons onderlinge byeenkoms nie versuim soos sommige die gewoonte het nie, maar laat ons mekaar vermaan, en dit des te meer namate julle die dag sien nader kom*." (Hebreërs 10:24-25). As jy nie saam met die gelowiges wíl vergader nie, sal Jesus jou nie spesiaal in jou sitkamer ontmoet nie. Toe Jesus ná sy opstanding met die dissipels ontmoet het, was Thomas nie daar nie. Jesus het nie moeite gedoen om hom in die week te ontmoet nie. Thomas moes wag tot die volgende Sondagaand (Johannes 20:24-29).

As jy van die gemeentelike byeenkomste af wegbly, sal jy seën mis. Volgens Paulus en Johannes openbaar Jesus sy heerlikheid in die *gemeente* (Efesiërs 3:21, Openbaring 1:13, 20, 2:1). Martyn Lloyd-Jones het gesê:

*'People who neglect attendance at the house of God are not only being unscriptural – let me put it bluntly – they are fools. My experience in the ministry has taught me that those who are least regular in their attendance are the ones who are most troubled by problems and perplexities… Moreover, those who do not attend God's house will be disappointed some day, because on some favoured occasion the Lord will descend in revival and they will not be there. It is a very foolish Christian who does not attend the sanctuary of God as often as he possibly can, and who does not grieve when he cannot.'*

Dalk ken jy die storie van die man in die noorde van Skotland? Hy was baie ongereeld by die kerk. Die dominee het hom op 'n koue wintersaand besoek. 'n Kaggelvuur het gebrand. In doodse stilte het die dominee en die man na die vuur gekyk. Die dominee het later opgestaan en met 'n ystertang 'n kooltjie uit die vuur gehaal en eenkant gesit. Die kooltjie het al hoe flouer begin brand, totdat dit swart was. Die dominee het die kooltjie in die vuur teruggesit. Na 'n kort rukkie het dit weer gegloei. Die dominee het opgestaan en die man gegroet. Hy het die boodskap gekry.

*Ivor Jefferies*

*https://goeietyding.wordpress.com/2016/02/24/die-probleem-met-kerklose-christene/*

Maar dié wat op die Here vertrou, kry nuwe krag. Hulle vlieg met arendsvlerke, hulle hardloop en word nie moeg nie, hulle loop en raak nie afgemat nie.
Jesaja 40:31

... vervolg van bl 1

Die Bybelverse oor lidmaatskap lê dwarsoor die Nuwe Testament versprei soos kosmos in die Vrystaat. Daar is 58 'mekaar'-opdragte in die Nuwe Testament: dra mekaar se laste, bid vir mekaar, vergewe mekaar, vermaan mekaar, bou mekaar op, ens. Hoe kan enige gelowige hierdie opdragte effektief uitvoer as hy nie deel is van 'n gemeente nie? As 'n gelowige na vele waarskuwings in sy sonde volhard, moet hy van die gemeente afgesny word (Matteus 18:17). Maar hoe kan hy van die gemeente afgesny word as hy in die eerste plek nie deel was daarvan nie? Trouens, om deel te wees, is niks anders as lidmaatskap nie.

Verder sê die Bybel dat ons gereeld die nagmaal moet vier. Volgens 1 Korintiërs 10:16-17 en 11:17-34 moet ons dit doen wanneer ons saamkom… *SAAMKOM*. Dit is onbybels om lidmaatskap te verag en die nagmaal saam met jou gesin te vier. Volgens Hebreërs 13:7 en 1 Tessalonisense 5:12 moet Christene hulle leiers gehoorsaam, liefhê, en respekteer. Impliseer dit nie dat jy deel moet wees van 'n gemeente met leiers nie? As jy opsetlik by die huis bly en die preke op RSG of DSTV wil luister – iemand wat siek is het 'n geldige verskoning – moet jy nie verwag dat die plaaslike dominee jou in die hospitaal moet besoek nie. Vra vir RSG om iemand te stuur. Ek verkies om my by Martyn Lloyd-Jones te skaar. In 1927 het hy die volgende woorde geskryf:

*'People complain about the dwindling congregations and how the churches are going down. Why are people ceasing to attend places of worship? Why is it, that last Sunday night I noticed that, while the places of worship in Cardiff were only sparsely attended, the trains coming from Porthcawl and other sea-side places were packed out? Why did these people spend their Sunday at the sea-side and in other places rather than in the House of God worshipping? Well, the answer is perfectly plain. They obviously prefer to be at the sea-side and feel that they get more benefit there than they do in their chapels and churches. Now it is no use our arguing with people like that, it is no use our telling them that they really do not get greater benefit there, because they honestly believe that they do… What I feel like saying to these trippers is this: If you honestly believe…that you derive greater benefit by spending your day in the country than you do by attending a place of worship, well then, go to the country. Don't come here if you honestly feel that you could do better elsewhere. Unless you feel that something is being offered and given to you here which no other institution can offer or equal, well then, in the name of Heaven, go out into the country or to the sea-side. The church of Christ is a church of believers, an association of people banded together by a common belief and a common love. You don't believe? Well, above all, do not pretend that you do. Go to the country and the sea-side. All I ask of you is, be consistent. When someone dies in your family, do not come to ask the church in which you do not believe to come to bury him. Go to the sea-side for consolation…'*



# Verjaarsdae

## Belydende lidmate

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 6 Okt | Zinette | Cronje | C05 | 27763079223 |
| | Casper | Kruger | C04 | 27825789386 |
| 7 Okt | Rassie | Erasmus | C04 | 27825749804 |
| 8 Okt | Fransa | v Niekerk | C15 | 27788533986 |
| 9 Okt | Manie | v Antwerpen | A08 | 27836556822 |
| 11 Okt | Willem | Prinsloo | C15 | 27829008495 |
| | Tanya | vd Bijl | C04 | 27732144780 |
| 12 Okt | Magda | Erwee | C01 | 27824678376 |
| 10/12 | Gerhard | v Biljon | E01 | 27724627028 |

## Dooplidmate

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 6 Okt | Lohan | Human | C03 | 27845496503 |
| | Ivanka | vd Merwe | A11 | 27606089857 |
| 11 Okt | Hesti | vd Walt | B03 | 27845499831 |
| 12 Okt | Lana | van Zyl | B05 | 27825795853 |

Weens die toenemende kriminele aktiwiteite waar kerke soms geteiken word, vra ons lidmate om asb diskreet te wees met kontant en kosbare persoonlike besittings wanneer u eredienste bywoon.

# Ons gee om vir Mekaar

***"...God ontferm Hom oor ons."*** *Ps. 116:5*

- Ria Vorster is nog ernstig siek in die hospitaal (A17—082 855 1305).
- Louisa vd Walt sterk tuis aan na 'n prosedure (C6—082 576 0692).
- Ledine Klopper ondergaan komende week 'n enkeloperasie (C5—082 577 7190).
- **Meelewing** word betuig met Danie en Wilmarie Rheeders en familie sowel as die familie van Elize en dr Douw Breed, na die afsterwe van ds Gert Breed. Vader van Wilmarie en broer van dr Douw.

***Ons lidmate word aan die liefdevolle versorging van die Here opgedra***

# Geluk



Hans en Lucia met die geboorte van Lourens Stronkhorst.

♥ Nicolene Potgieter en Gerhard du Plessis wat 12 Okt in die huwelik bevestig word..

♥ Cecilia Booyse en Ernest Bornman word volgende Sondag tydens die Engelse diens in die huwelik bevestig.



## Alethea Outreach 11:00

Worship Service

Like us on facebook:

https://www.**facebook**.com/aletheaministry/

Passage: Exodus 33:11-17; John 17:1-2; Matthew 25:1-13

Rev Maarten van Helden

**K l e i n   a d v e r t e n s i e s :**

**Huiskontrakteur** – herstel/waterdigting van dakke; verfwerk; herstel/installering van plaveisel; teëlwerk; herstel van waterlekke; staalwerke; saag/ verwydering van bome; installeer solar-drukpomp op watertenks, omskakeling van geyser na sonkrag; installasie van gastoestelle. Hennie vd Walt 082 927 4326.

**Meenthuis te huur**, Eldoraigne R9 900pm. 2 sk, 2 bk, 2 mh, sitkamer, eetkamer, kombuis in veilige en netjiese kompleks. Versorgde tuin en onderdakbraai. Skakel Elize 079 527 2079.

**Drieslaapkamerhuis te huur** in Celtisdal. 1km vanaf Laerskool Wierdapark. Beskikbaar vanaf Nov/ Des 2024. Charlotte Fourie 0834099080.

## El Shalem Behoefte

El Shalem-versorgingsentrum benodig klere vir 2 seuns, 15- en 14jr.

Indien iemand klere wil skenk, merk dit asseblief duidelik "***El Shalem***".

Baie dankie byvoorbaat!

Liesje Kuperus 083 481 1160

***Merk asb u skenkings duidelik bv. Koningskinders, Eljada.... Dankie.***

## Jan die Koperkan



Voor by die hoofingang van die kerk staan 'n koperkan.

Kom skenk gerus al u koper/silwer geld wat rondlê.

Alle gelde wat daarin gegooi word, word geskenk vir ons teologiese studente.

Baie dankie vir almal wat hierdie projek van ons so mildelik ondersteun.

## GK Oos Moot SENDINGDAG

GK Oos Moot nooi u hartlik uit na ons jaarlikse **SENDINGDAG DV Saterdag 26 Oktober van 9:00-13:00.** Vanjaar se tema is ***"Verstaan jy wat jy lees"*** met spesifieke fokus op die HOE van sending. Kom luister en gesels saam soos ons hoor van Mukhanyo se dr Brian de Vries en Pieter Bos oor hulle werksaamhede en hoe hulle sending doen. Daar sal ook terugvoer wees oor ons eie gemeente se uitreik na Botswana.

RSVP asb. by Marieke Das (0727465177) teen 11 Oktober as u graag die geleentheid wil bywoon.

## GKC Kosbank

Die doel van die kosbank is om aan lidmate en hulle families kos te voorsien tydens 'n siekte/hospitalisasie/herstelproses.

Indien jy bewus is van 'n behoefte, kontak asb: Diaken, Ouderling of Predikant.



Gereformeerde Kerk Centurion

Sondag, **10 November, 2024**

**16:30 – Dinosourusse en die Bybel**

Pieter le Roux – CMI spreker

Nooi jou familie en vriende!



## Wyse Gryses

Maandag 7 Oktober

in die kerksaal

om 10:00

Dr. Douw Breed gaan ons kom inlig oor die GKSA se bande met ander kerke—dikwels ook in die buiteland.

Kom luister gerus na sy interessante belewenisse.

Almal welkom!!

## TEESKINKBEURTE

Instruksies vir die regsit voor die diens, skink en opruim na die erediens is in die kombuis opgeplak.



**6 Okt**

| | |
|---|---|
| Tarina Human | A2 |
| Sonja vd Dussen | B17 |
| Leandre Struwig | C4 |

**13 Okt**

| | |
|---|---|
| Elke Nel | B11 |
| Esme vd Berg | C1,C15 |
| Larochelle vd Bergh | B14 |

## MONUMENTSIG AFTREE-OORD EENHEID BESKIKBAAR!



Die Oord behoort aan die Gereformeerde Kerk Centurion, geleë te Basdenlaan 226, Centurion, reg agter Unitas Hospitaal en langs die Kerk-gebou. U koop okkupasiereg in 'n aftree-oord. In totaal bestaan die Oord uit slegs 26 huisies met pragtige tuine en lae heffings. Daar is geen versorgingsfasiliteite nie — Bepalings geld vir 80-plussers.

Die eenheid wat beskikbaar is, bestaan uit :

1 slaapkamer, 1 badkamer, kombuis, eet/sitkamer, toesluit motorhuis (nie aan huis) met 'n tuin. Die prys is R510 000. Die bestuur sal die verskillende aansoeke oorweeg. Die eenheid is beskikbaar vir okkupasie ongeveer 1 Nov 2024. Die eenheid is 75vk meter en die heffing beloop tans R899. Die inwoner is ook verantwoordelik vir die kraggebruik en munisipale heffings.

Wanneer u, u reg in die toekoms weer wil verkoop, is die volle bedrag wat u betaal het, onderhewig aan sekere voorwaardes, weer aan u betaalbaar.

Navrae: Rina Venter (op terrein) 071 403 4143 of Gerrit Beumer 082 572 5235

Aansoeke sluit **21 Okt 2024**